

KNUS OM DIE SKOUERS



BENODIGDHEDE: 5 bolle (50g elk) Patons Melange of Jaeger Catkin Chunky Bouclé; 1 paar 5-mm-breipenne; 'n skouermantelvasmaker of 2 knope en 'n lus.

SPANNING EN GROOTTE: 18 steke en 32 rye vir 10 x 10 oor reksteek met 5-mm-breipenne. Die skouermantel is 55,5 cm lank insluitende die kraag en is 123 cm rondom die onderste rand.

AFKORTINGS: r - brei regs; st(e) - steek(steke); rs - reksteek (elke ry r); g vt - garing vorentoe; gl 1 aw - glip 1 steek aweregsgegewys; ga - garing agtertoe; herh - herhaal.

LET WEL: Toets eers die spanning van jou

Die lente is net om die draai, en hierdie manteltjie is ideaal vir daardie koue najaarswindjie. Brei ook 'n manteltjie in 'n pastelkleur om as 'n bedjakkie te gebruik.

deur HENRIETTE LOUW

eie breiwerk om te verseker dat dit korrek is.

AANWYSINGS: Stel 100 ste op met 5-mm-breipenne.

1e tot 4e ry: r tot einde van elke ry.

5e en 6e draai-ry: r 45, g vt, gl 1 aw, ga, draai vir 5e ry, dan met g vt, gl 1 aw, ga, r tot einde vir 6e ry.

7e en 8e draai-ry: r 65, g vt, gl 1 aw, ga, draai vir 7e ry, dan met g vt, gl 1 aw, ga, r tot einde vir 8e ry.

9e en 10e draai-ry: Soos 5e en 6e draai-ry. Herh 1e tot 10e ry nog 38 keer.

Brei 4 rye r en heg regsgewys af.

Werk vasmaker aan opstel- en afhegrand gelyk met eerste lyn draaiings van kort rand af aan. Vou die smal rand om om 'n kraag te vorm.